# Nasionale Landbou Jeugskou

# Veselbok Handleiding



**2024**

# INDEKS

**1. KORT GESKIEDENIS**

**2. TELING**
- 2.1 Bouvorm
- 2.2 Haarbedekking

**3. AKKOMMODASIE**

**4. VOEDING**

**5. BASIESE KUDDEWELSYN**
- 5.1 Algemeen
- 5.2 Gesondheid
  - 5.2.1 Inwendige parasiete
  - 5.2.2 Koksidiose
  - 5.2.3 Eksterne parasiete
  - 5.2.4 Ander siektes
- 5.3 Ouderdoms bepaling by bokke

**6. DIE DIP VAN BOKKE**

**7. KLASSERING VAN SYBOKHAAR**

**8. VOORBEREIDING VOOR SKOU**

**9. BENODIGDHEDE IN TROMMEL**

**10. RIGLYNE VIR WAS**

**11. RIGLYNE VIR VOORBEREIDING**

**12. RIGLYNE VIR SKOUMAN**

**13. RIGLYNE VIR GROEPSKOU**

# 1. KORT GESKIEDENIS

Die sentrale gedeelte van Klein-Asië was lank voor die geboorte van Christus die oorspronklike tuiste van die Angorabok, of soos ook algemeen bekend, die Sybok. Volgens sekere skrywers is die Angorabok ontwikkel uit Capra acgagrus- die oorspronklike wildebok van Persië.

Turkye het mettertyd die belangrikste produsent van Sybokhaargeword en was dit bekend dat bokhaar van die beste gehalte geproduseer is in die provinsie, Angora wat geleë is aan die Swart See. Al die Sybokhaar wat in Turkye geproduseer is, is deur die boeregemeenskap van die land gespin en tot material geweef. Die materiaal is dan na Europa uitgevoer. In 1820 het die Sultan van Turkye vir die eerste keer die uitvoer van onverwerkte Sybokhaar toegelaat, en in 1835 het Brittanje met die spin van Sybokhaar begin. Die vraag na Sybokhaar het skerp toegeneem en in 1839 reeds het Brittanje die hele Turkse skeersel van 80 miljoen kg gekoop. Om aan hierdie verskerpte aanvraag te voldoen, is die Angorabok gekruis met die Kurd- of gewone bok, wat ongelukkig steekhaarvesels in die Sykbokhaarvag ingevoer het.

Kolonel Henderson, van die firma Dixon en Kie, het in 1838 die eerste besending van 12 Angorabokramme en 1 ooi – almal betreklik suiwer geteel - na die Kaap ingevoer. Gedurende die skeepsreis het ses van die ramme gevrek en by die aankoms van die res is gevind dat die oorblywende ses ramme impotent was, waarskynlik omdat hulle vooraf deur die Turke gekastreer is. Die ooi het egter gedurende die reis gelam, en haar ramlammetjie is in die distrik Caledon en omgewing gebruik om die inheemse Kaapse bok van daardie tyd op te gradeer. In die daaropvolgende veertig jaar is talle ramme en ooie ingevoer – ongelukkig nie almal van dieselfde hoogstaande gehalte nie. Hierdie invoer het voortgegaan tot in 1880, toe verdere uitvoer deur Turkye gestaak is. Tog as gevolg van die ywer en bekwaamheid van die Suid-Afrikaanse telers, wat die beste gebruik gemaak het van die Sybokke wat voor 1880 uit Turkye ingevoer is, het die Angorabok bedryf in Suid-Afrika vining uitgebrei, beide wat betref produksie en gehalte. In 1857 was die Suid-Afrikaanse Sybokhaar produksie slegs 395 kg en in 1912 het dit reeds tot 10 648 525 kg gestyg. Die belangrikste Sybokhaar produserende lande in die wêreld is tans die Verenigde State van Amerika (hoofsaaklik Texas), Turkye en Suid-Afrika (insluitende Lesotho). Gedurende die jongste aantal jare toon die wêreld produksie van Sybokhaar steeds ‘n geleidelike toename.

# 2. TELING

Doeltreffende produksie en voortplanting, hang hoofsaaklik af van die grootte, bouvorm, lewenskragtigheid en aanpassingsvermoë van die Angorabok.

## 2.1 BOUVORM

### <u>Kop</u>

Die kop, in sy geheel, moet sterk, (nie grof), karaktervol en netjies gevorm wees. Taamlik breed tussen die oë en met kake wat goed opmekaar pas. Die kop moet met hare van 'n goeie gehalte en die gesig met kort, sagte hare bedek wees. Die ore moet van middelmatige grootte, hangende en effens gepunt na vore wees, en moet met kort, sagte hare bedek wees. Die horings van die ram moet ovaal, sterk en terugwaarts en spreidend gedraai wees – nie te na aan die nek nie en die punte moet weglê. Die horings van die ooi is ronder en ligter en hulle moet met 'n netjiese buiging na die nek draai en na buite groei. Die minimum spasie tussen die horings by ramme sowel as ooie behoort nie minder as 3 cm te wees nie. Gemeet 5 cm van die

horings. Dit is ook belangrik dat daar geen gekleurde hare, bv. swart hare op die ore of rooi ooghare mag wees nie.

**Voorlyf en bene**

Die nek moet middelmatig lank en in verhouding tot die res van die liggaam wees; ook taamlik diep en breed om netjies by die skouers aan te sluit. 'n Breë, diep bors met goed gewerwelde ribbes is die ideaal. Die skof moet taamlik breed wees en die skouers goed gevleis en stewig aansluit sodat die skof en skouers ‘n reguit lyn met die rug vorm. Sterk en reguit voorbene, met stewige kootgewrigte en goed gevormde hoewe word vereis.

**Middelstel**

‘n Reguit, sterk rug, met breë lende en ‘n reguit, sterk plat en netjiese ruglende-aansluiting, is die ideaal. Die romp moet groot en diep wees, met goed gewerwelde ribbes. Die rug, lende en romp vorm saam die middestel van die dier, en die lengte, breedte en diepte daarvan dra die meeste by tot die grootte en die algemene voorkoms van die dier.

**Agterlyf en agterbene**

Die kruis moet so breed moontlik en taamlik gelyk wees en min of meer ‘n reguit lyn met die rug en skof vorm. Voldoende ruimte tussen die ysbene is noodsaaklik. Die binne- en buitedye moet so goed moontlik gevleis wees; die agterbene sterk en reguit en die kootgewrigte stewig, en die hoewe goed gevorm. Die stert moet reguit oor die kruis omkrul en met sagte kenmerkende Sybokhare bedek wees.

**Algemene voorkoms, grootte en getrouheid aan tipe**

Die ideale Angorabok moet sterk en lewenskragtig wees, met 'n simmetriese bouvorm (d.w.s. die verskillende dele van die liggaam in verhouding tot mekaar.) Die gewenste gewig van ‘n volwasse ooi is 36 tot 45 kg en van 'n volwasse ram 65 tot 82 kg. Die dier moet al die gesogte eienskappe openbaar wat op goeie teling en veredeling dui.

**Voorplantingsorgane**

Die geslagsorgane van ramme sowel as ooie moet normal ontwikkel wees en geen gebreke openbaar nie. Enige arbnormaliteit van die geslagsorgane moet as 'n diskwalifikasie beskou word.

## 2.2 HAARBEDEKKING

**Lengte**

‘n Goeie, egalige lengte dwarsdeur die hele vag, is die ideaal, aangesien dit ‘n invloed het, nie alleen op die hoeveelheid haar geproduseer nie, maar ook op die waarde van die vesel vir verwerking. Onder normale omstandighede groei ‘n goed geteelde Angorabok 2,5 cm haar per maand, maar bykomende lengte is baie wenslik aangesien Sybokke in Suid-Afrika minstens twee keer per jaar geskeer word.

**Fynheid**

Fynheid en die egaligheid daarvan, is die waardevolste eienskap wat Sybokhaar kan besit, aangesien nie net die fynheid van die gespinde garingdraad daarvan afhang nie, maar ook die ligtheid en aantreklikheid van die materiaal wat daarvan geweef word. Fynheid en die egaligheid daarvan in die vag van die volwasse dier is uiters belangrik.

**Gehalte**

Die gehalte van Sybokhaar word bepaal deur styl en karakter. Styl is die spiraal voorkoms van die stringetjies en karakter is die golwende voorkoms. In goeie kwaliteit bokhaar moet daar ‘n goeie kombinasie van styl en karakter wees. Sybokhaar van 'n goeie gehalte het ‘n sagte, dog ferme aanvoeling. Dit bevat genoegsaam beskermende vetsweet, is helder en glansend en vorm golwende, gedraaide, soliede stomppuntige stringetjies van egalige grootte dwarsoor die hele liggaam.

**Volheid van bedekking (digtheid)**

Die digtheid van die haarbedekking word aangedui deur die persentasie veloppervlakte wat met vesel bedek is, en word bepaal deur:

(a) die getal vesels per eenheid veloppervlakte.
(b) die fynheid (deursnee) van die vesels.

## 3. AKKOMMODASIE

Suid-Afrika produseer 50 – 60% van die wêreld se bokhaar en dit maak die RSA dus die grootste produsent van Sybokhaar. Die Oos Kaap en die aangrensende streke van die Wes Kaap vorm die swaartepunt van die Sybokboerdery in die RSA. Die distrikte Willowmore, Aberdene, Graaff-Reinet, Jansenville, Steytlerville, Pearston, Somerset-Oos en Cradock, het die hoogste konsentrasie Angorabokke. Verdere verspreiding sluit die distrikte Oudshoorn, Uniondale, Prins Albert, Beaufort-Wes, Murraysburg, Bedford, Adelaide, Middelburg, Colesberg, Tarkastad, Hofmeyr, Albanië, die bosvelde van Uitenhage, Alicedale en die Sondagsriviervallei in.
Geïsoleerde kuddes word ook aangetref in Noordwes en Noordoos-Kaap en die suidelike dele van die Vrystaat. In Lesotho word heelwat Sybokke aangetref en Lesotho is dan ook die land wat die tweede meeste Sybokhaar produseer.

## 4. VOEDING

Die ideale weidingstoestande vir die Angorabok is waar struike en Karoobossies gemeng voorkom. Sybokke het ‘n voorliefde vir die doringlaagtes wat algemeen om droë waterbane aangetref word. Aangesien Angorabokke ‘n natuurlike neiging het om te klim, maak hulle besonder goeie gebruik van rante en bergveld wat dikwels vir ander kleinveerasse minder begaanbaar is. Na ‘n aanvanklike aanpassingstydperk van ongeveer een jaar, doen Angorabokke ook goed op grasveld, veral waar rooigras oorheers. Op aangeplante weidings, lusern, koring en hawer doen Angorabokke uitstekend, mits ‘n streng doseerprogram teen inwendige parasiete gevolg word.

## 5. BASIESE KUDDEWELSYN

### 5.1 Algemeen

Normaalweg word Angorabokke in Suid-Afrika twee maal per jaar geskeer, met ‘n tussenpose van 6/6 maande of 5/7maande. In sommige uiters digbegroeide dele moet Sybokke elke vier maande geskeer word. Hare wat korter as 12 cm is, gaan na die kaardgaring bedryf en het dus 'n heelwat laer markwaarde. Gedurende skeertyd kan die volgende reëls voordelig toegepas word. Hierdie reëls is belangrik om seker te maak dat vagte skoon en netjies bly voor skeertyd.

a) Diere in volle vag moet nooit oor natgedoude veld aangejaag word nie. Dit veroorsaak oormatige haarbevlekking.
b) Sybokke moet in klein troppe van ongeveer 50 elk na die skeerhuis aangejaag word. Op dié wyse word verseker dat die bokke meer uitgespreid loop en die hare minder bevlek word.
c) Die diere moet reeds die dag voor skeer in 'n nabygeleë droë kamp gebring word sodat die natuurlike uitskeidingsprosesse kan plaasvind en die hare nie as gevolg van maagwerking besoedel en bevuil raak nie.
d) Geraas moet vermy word aangesien die diere senuweeagtig word en rondmaal, dit veroorsaak dat die bokke maagwerk kry en die haar bevlek word.
e) Kapaters moet eerste in die oggend geskeer word. Dit gee die ooie geleentheid om af te droog van agter as die son 'n ruk geskyn het.
f) Die diere moet vooraf in groepe geskei word, naamlik in kleinbokkies, jongbokke, groot ooie en kapaters. Dit vergemaklik die skeerproses en die klas van die haar.
g) Die skeervloer moet vooraf goed gewas of gevee word, en vangkrale met grondvloere moet vooraf klam gesproei word om die stof te laat lê.
h) Dit is wenslik om penshaar, korthaar aan die bene, loks en vlekhaar vooraf uit te skeer, aangesien dit klassing sal vergemaklik en bespoedig.
i) Na skeer moet kaalgeskeerde diere vir ongeveer ses weke in 'n beskutte kamp binne maklike bereik van 'n skuur, afdak of kraal gehou word sodat die diere gou van skuiling voorsien kan word in geval van ongunstige weerstoestande.

### 5.2 Gesondheid

**5.2.1 Inwendige parasiete:** Angorabokke is ook vatbaar vir inwendige parasiete net soos skape. Haarwurm, Bruin-maagwurm en Bankrotwurms gee die meeste probleme.
Simptome:

- Bokke se slymvliese vertoon bleek
- Verloor gewig en eetlus
- Diarree

Deur gereeld mismonsters van die bokke te neem, kan ‘n veearts vir jou wys watter parasiete teenwoordig is in die mis en dan teen watter parasiete gedoseer moet word.

**5.2.2 Koksidiose:** Koksidiose kry ons in grond waar klam, vogtige toestande voorkom, byvoorbeeld waar ‘n krip lek. Koksidiose word die maklikste deur mismonsters uitgewys, maar wanneer bokke nie wil groei nie, gewig verloor en soms grys maagwerk toon, kan hulle Koksidiose onderlede hê. Die bokke moet dan gedoseer word met ‘n middel wat dit sal teenwerk.

**5.2.3 Uitwendige parasiete:** Dit sluit in bosluise, rooiluise en blouluise. Hierdie parasiete veroorsaak ‘n jeuk op die vel sodat die bokke krap en hulle vagte beskadig. Bosluise en blouluise suig bloed wat die bokke bloedarmoedig kan maak. Bokke kan gedip word om luise dood te maak, of ‘n opgietmiddel kan op die rug van die bok gegooi word.

**5.2.4 Ander siektes:**

a) **Pasteurella –** hierdie siekte is amper soos longontsteking. Bokke moet geënt word om dit te voorkom.


b) **Ensoötiese aborsie –** hierdie siekte veroorsaak dat ooie aborteer of geboorte skenk aan swak bokkies. Ooie moet voor paartyd geënt word daarteen.


c) **Klostridiale siektes –** Bloednier en Rooiderm. Bokke doen hierdie siektes op wanneer hulle rantsoen skielik verander word, byvoorbeeld wanneer ooie uit die veld na lande verskuif word voor lamtyd. Bokke moet 2 keer per jaar teen hierdie siektes geënt word.


**5.3 Ouderdoms bepaling van bokke**


Die boonste kaak is van harde kraakbeen en die dier se ouderdom word deur die ondertande bepaal.


- ± 14 maande wissel ‘n lam en kry die dier 2 permanente tande.
- 2 jaar/ 24 mde het die skaap 4 permanente tande
- 3 jaar/36 mde het die skaap 6 permanente tande
- 4 jaar/48 mde het die skaap 8 permanente tande (volbek)


Eerste jaar


Tweede jaar


Derde jaar (2-3 jaar oud)


Vierde jaar (3-4 jaar oud)


Vyde jaar (4 jaar oud)

**Diere moet 6 maande en ouer wees om mee te skou.**

## 6. DIP VAN BOKKE

Eerstens word bokke gedip om luise dood te maak of te voorkom. Groot sorg moet aan die dag gelê word met die aanmaak, deurmeng en konsentrasies van die verskillende dipmengsels, sowel as met die gereelde vervanging van besoedelde dip. Sybokhaar wat deur dipstowwe gevlek is, of waarvan die aanvoeling verswak is, het ‘n laer markwaarde. Hoe gouer die dier ná skeer gedip kan word, hoe beter, aangesien die dipproses waarskynlik die porieë op die vel van

die kaalgeskeerde dier laat sluit en veeverliese as gevolg van koue, nat weer sodoende verminder word.
Verdermeer het die dip van Angorabokke die bykomende voordeel dat dit die skoonopbrengs van die haar verhoog en die aanvoeling verbeter. Dan word bokke net voor skeer in ‘n wasmiddel en daarna in skoon water gedip.

## 7. KLASSERING VAN SYBOKHAAR

**Lengte**

Lengte en die egaligheid van lengte, bepaal die wyse van vervaardiging waarvolgens Sybokhaar na kamgaring of kaardgaring verwerk sal word. Sybokhaar, korter as 12 cm, is nornaalweg te kort vir die kamgaringbedryf en word met goedkoper wol vermeng vir die vervaardiging van kaardgaring.

**Fynheid (veseldeursnee)**

Fynheid, en die egaligheid van fynheid, is die waardevolste eienskap van Sybokhaar, want as alle ander eienskappe gelyk is, is dit hierdie eienskap wat nie alleen die fynheid van die gespinde draad bepaal nie, maar ook die gewig en tekstuur van die klaar geweefde materiaal. Afgesien van ander faktore, word die fynheid van Sybokhaar direk bepaal deur die ouderdom van die bok.

a) **Kleinbokkiehaar – Simbool K**
Dit is die eerste skeersel van ongeveer ses maande se groei wat die fynste haar is deur die Angorabok geproduseer, met ‘n gemiddelde fynheid van 22 – 25 mikron. Die tweede skeersel van ongeveer 12 maande het ‘n gemiddelde fynheid van 26 – 28 mikron.

b) **Jongbokhaar- Simbool YG**
Dit is die derde skeersel van die Angorabok op ‘n ouderdom van ongeveer 18 maande, met ‘n gemiddelde fynheid van 29 – 33 mikron.

c) **Volwassebokhaar – Simbool H**
Dit is haar wat geskeer word van volwasse Angorabokke vanaf die ouderdorn van twee jaar en ouer met ‘n gemiddelde fynheid van 34 – 40 mikron.

**Gehalte**

Daar is drie erkende grade van gehalte vir alle ouderdomsgroepe, naamlik:

**a) Super**
Super gehalte Sybokhaar bestaan uit alle haar met goeie en baie goeie styl en karakter, met 'n goeie kleur, vry van saad, vlekke en gekleurde vesels, en is feitlik vry van growwe en steekhaar vesels. **Simbool: "S"**.

**b) Gemiddeld**
Gemiddelde gehalte Sybokhaar bestaan uit bokhaar met redelike goeie styl en karakter, 'n neiging tot 'n oop en reguit stringetjie, 'n redelike kleur met ‘n mate van steekhaar en feitlik vry van saad, dog vry van gekleurde vesels. **Geen simbool**.

**c) Swak**

Swak gehalte Sybokhaar bestaan uit alle haar wat gebrek het aan styl en karakter. Die voorkoms is dof en glansloos, dit het reguit stringetjies en harde aanvoeling, met growwe steekhaarvesels asook ‘n mate van saad aanwesig, maar is vry van gekleurde vesels. Swak Sybokhaar bestaan uit al die swak geteelde, gematte vagte en verweerde rughaar. **Simbool: "M"**.

## 8. VOORBEREIDING VOOR SKOU

Die hoofdoel van skou is om goeie reklame te bewerkstellig met meerderwaardige diere. Dit is ook om die standaard van jou diere teen die diere van ander telers te meet.
Selekteer jou skoudier geruime tyd voor die skou sodat genoegsame tyd gegun word om die dier mak te maak en ‘n band tussen jou en die dier te smee.
Maak seker jou dier is vry van inwendige- en uitwendige parasiete deur hul op die regte tye te ontwurm en te dip.
Maak seker met jou seleksie dat die dier geen gebreke of siektes het nie (vry van swere, stukkende plekke, voetprobleme, ens.).
Hoewe moet ‘n maand voor die skou reg geknip word (moet nie te diep sny en die senuwee raak sny nie. Dit sal die dier kruppel laat loop).

## 9. BENODIGDHEDE IN TROMMEL

Halter / nylontou
Emmer
Handdoek
Waslap
Sjampoo
Borsel (groot en klein)
Tandeborsel
Klein skêrtjie
Groot skêr of skaapskêr
Rasper
Skuurpapier
Roulynolie
Klein lappie (olie)
Skoppie en besem

**ALGEMEEN**

Die Angorabok word op gewone skoue streng volgens hul kop, bouvorm en hare beoordeel. Die kwaliteit van die haar is baie belangrik en daarom word dit nie gewas nie. Om die kwaliteit van die bokhaar reg te kry, moet bokke gereeld voor ‘n skou gedip word, minstens een keer per maand en weer net voor die skou. Bokke kan dan in ‘n wasmiddel of net skoon water gedip word. Haarlengte vir skoue moet tussen 45 tot 150mm wees vir Jeugskou. Alle reëls van skouman geld ook by was en voorbereiding (soos houding). Die ringbeampte sal sê wanneer om te begin en om te stop. By Jeugskou word daar met bokke geskou van 6 maande en ouer.

## 10. RIGLYNE VIR WAS

1. Maak die bok stewig vas.
2. Maak die emmer halfvol met water.
3. Pak benodigdhede vir was netjies uit op ‘n handdoek.
4. Wag tot dat daar vir jou gesê word om te begin.
5. Vat die tandeborsel en maak die bok se tande daarmee skoon.
6. Begin linkerkant en dan regterkant. Moet nie oor die bok werk nie.
7. Begin voor na agter.
8. Gebruik die waslap (lekker nat, maar nie drup nie) om die bek, neusgate en rondom die oë en binne die ore uit te vee. Vee die horings ook af. Laastens word onder die stert skoongemaak.
9. Gooi nou ‘n bietjie sjampoo in die emmer en skrop knieë en kloutjies mooi skoon. Groot borsel om growwe vuilgoed skoon te kry en kleiner borsel om tussen die hoewe skoon te maak.
10. Werk versigtig wanneer jy jou bok se been knak om jou werk te vergemaklik. Knak altyd die voorbeen terug en die agterbeen vorentoe.
11. Maak droog met lap of handdoek.
12. Maak nou jou wasplek, jouself en dan jou bok mooi skoon.
13. Gebruik elke moontlike tyd om jou bok skoon te maak m.a.w. totdat daar vir jou gesê word om te stop. Dit verseker dat jy reg is vir voorbereiding.

## 11. RIGLYNE VIR VOORBEREIDING

Geen hoewe word geknip tydens skou nie, dit moet voor die tyd klaar netjies geknip wees.

1. Die Juniors doen voorbereiding aan die LINKERKANT van die bok en die Seniors aan die REGTERKANT van die bok. Dit bly so al word bokke gedeel.
2. Maak bok stewig vas.
3. Pak benodigdhede vir voorbereiding netjies uit.
4. Begin sodra die ringbeampte die bevel gee.
5. Knip hare om die bek, die beoordelaar moet kan sien dat die hare korter geknip is.
6. Knip lang hare rondom die oë korter. Moet nie die wimpers knip nie.
7. Knip binne en om die ore met ‘n klein skêrtjie.

8. Knip die bok se kuif sodat dit netjies vertoon.
9. Knip die hoefhaarlyne netjies. Knip ook haartjies rondom bykloutjies.
10. Knip loks en gevlekte hare af agter by stert, met die groot skêr. Hare tussen die hakke kan geknip word sodat die bok se hakke beter vertoon wanneer sy loop. As die bok nie wil stilstaan wanneer jy by haar stert knip nie, kan jy die bok teen die reling druk met jou bene.
11. Rasper die horings mooi rond met die rasper. Jy kan 'n lap oor die bok se nek sit sodat die vylsels nie in die bok se hare beland nie.
12. Jy kan 'n lap oor die bok se nek sit sodat die stof nie in die bok se haar beland nie. Skuur die horings en hoewe glad met skuurpapier.
13. Gebruik klein lappie om horings, hoewe en kloutjies roulynolie te smeer.
14. Begin nou jou bok "hark" met jou vingers deur die bok se hare om alle strooi, stokkies ens. te verwyder.
15. Kyk dat alles onder die bok se pens verwyder is.
16. Sorg dat jou werkplek en jyself netjies en skoon is.

## 12. RIGLYNE VIR SKOUMAN

Tydens die skouman word jy as hanteerder beoordeel en nie die bok nie. Sorg dat jy die regte bok uitsoek wat by jou pas. **GEEN DEELNEMER MET HORLOSIE, KOUGOM, OORFONE, JUWELE, SELFOON OF MET GRIMERING AAN SAL IN DIE RING OF AREA TOEGELAAT WORD NIE.**

Die volgende moet toegepas word:

- Konsentrasie is BAIE belangrik, jy moet vergeet van almal buite die ring.
- Behou OOGKONTAK met die beoordelaar.
- Moet NOOIT tussen jou bok en die beoordelaar beweeg nie.
- Kyk na jou netheid en ook die netheid van die bok. Sorg dat jou bok skoon is van alle strooi. Sorg dat jy die korrekte kleredrag aan het soos bepaal word in die Reëls en Regulasies. Steek jou hemp in en jou waterskoene moet skoon wees as jy die ring betree.
- Wanneer jy die ring binnekom, moet jy aan die linkerkant van die bok wees en jou regterhand op die linkerhoring TEEN die kop en die linkerhand onder die bok se kakebeen. Moenie aan albei horings trek nie (by 'n jong bok kan horings afbreek). Kyk 50% na jou bok en 50% na die beoordelaar as jy in kom.
- Beweeg kloksgewys tot dat die beoordelaar of ringbeampte jou wys om te staan. Bly aan die linkerkant en moenie hoeke sny nie.
- Wanneer jy gaan staan, gebruik jou voet om agterbene reg te trap. Lig bok se voorlyf effens op en laat sak stadig om voorbene reg te laat staan. Moet nooit die bok se bene met jou hande skuif nie.
- Jou voete is effens van mekaar geplaas, weerskante van die bok se voorbene. Die bok se voorbene moet 'n reguit lyn met jou hemp se knope vorm.

- Wanneer jy tevrede is, kyk dan op. Wanneer jy opkyk, beteken dit jy is klaar en kan beoordeel word.
- Die beoordelaar gaan nou vra dat jy die bok se voorkant, agterkant en sykant wys. In alle gevalle moet jy op jou plek beweeg en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts beweeg nie.
- Reageer flink op die opdragte. Gebruik jou **oop** hand as hefboom om die bok reg te druk (nie jou knieg nie). Die ander hand bly altyd op die bok se linker horing.
- Die beoordelaar gaan vra dat jy jou bok moet vertoon. Los jou bok en probeer die bok op ‘n plek hou waar die beoordelaar so goed as moontlik die bok kan sien (nie te naby of te vêr nie). Doen dit sonder om jou hande te klap. Behou oogkontak en as die beoordelaar na regs of links beweeg, beweeg verder om die bok weg, van die beoordelaar af. **Die bok moet altyd tussen jou en die beoordelaar wees**. Moenie tussen die beoordelaar en die bok beweeg nie.
- Op die bevel “vang maar”, druk die bok in die naaste hoek vas. Vang die bok aan die LINKERAGTERBEEN met jou REGTERHAND bokant die bok se HAKSKEEN. Indien jy die bok aan die nek kan vang mag jy dit so doen maar moet dan die horing vat. Onder geen omstandighede mag jy die bok aan die haar of horing vang nie. Indien jy die bok kan vang sonder om dit in die naaste hoek te druk, kan jy dit doen, maar as jy mis vang sal dit definitief teen jou tel.
- Beweeg nou weer kloksgewys teen die reling langs en gaan staan op JOU plek.
- Maak die bok se bene reg en kyk op.
- Die beoordelaar gaan jou weer vra om jou bok in verskillende rigtings te draai. Die bewegings gaan vinniger wees.
- Die beoordelaar kan jou vra om jou bok met iemand anders se bok te ruil as een van die bokke moeilik hanteerbaar is.
- As die beoordelaar jou vra om jou bok se bek oop te maak, gebruik jou linkerhand se duim en wysvinger, draai die bok se kop na die beoordelaar toe en gebruik dan die vingers om die bok se bo- en onderlip van mekaar te druk. Kyk eers self na die bok se tande en wys dan vir die beoordelaar.
- Leer om die verskillende ouderdomme te ken indien jy gevra word wat jou bok se ouderdom is. Verkieslik moet jy jou handleiding ken en, want die beoordelaar kan jou ander vrae ook vra. Ken ook jou bok se lyf.

## 13. RIGLYNE VIR GROEPSKOU

- In elke groep is daar drie deelnemers. Rangskik julle van lank na kort of andersom. Die persoon in die middel gee die tekens. Nie te hard nie.
- Groepe moet EENVORMIG wees en SAMEWERKING moet goed wees.
- Klere en skoene moet verkieslik PRESIES dieselfde wees. Haal horlosie af en dogters moet eenderse haar rekkies hê en hare eenders dra. Lyfbande moet ook dieselfde wees en hemde moet ingesteek wees.
- Kom die ring binne met jou regterhand om die bok se horing (teen die kop) en jou linkerhand onder die bok se kakebeen.

- Beweeg kloksgewys as ‘n groep en hou die spasies tussen julle dieselfde. Behou oogkontak met die beoordelaar, kyk 50% vir julle bokke en 50% vir die beoordelaar.
- Wanneer julle gaan staan, maak die bokke se bene reg. Almal staan langs die bok se linkerblad met voete effens van mekaar geplaas. As een van die bokke moeilik hanteer, moet die ander groeplede wag totdat alles onder beheer is.
- Die middelste persoon gee die teken (‘n klik geluid van die tong of ‘n kort, sagte bevel) en almal kyk gelyk op.
- Die beoordelaar gaan nou vra dat julle die bokke moet draai (sykant, voorkant, agterkant).
- Die groep moet ALLES gelyk en flink doen. Hou heeltyd die spasies tussen julle dieselfde.
- As julle gevra word om die bokke te vertoon, probeer in dieselfde volgorde bly soos julle gestaan het sover as moontlik.
- Druk die bokke na die beoordelaar toe en behou oogkontak. Hou die bokke op ‘n plek waar die beoordelaar so goed as moontlik die bokke kan sien (nie te naby of te vêr nie). Doen dit sonder om jul hande te klap. Hou oogkontak en as die beoordelaar na regs of links beweeg, beweeg verder om die bokke, weg van die beoordelaar af. **Die bokke moet altyd tussen julle en die beoordelaar wees, moenie tussen die beoordelaar en die bokke beweeg nie.**
- Wanneer julle vang, druk die bokke in die naaste hoek vas. Vang met regterhand bokant linkerhakskeen. Doen dit gelyktydig. Moet verkieslik nie die bokke aan die horings vang nie. VANG JOU EIE BOK. Beweeg in die volgorde terug na jul plek kloksgewys om teen die ring.
- Maak die bokke se bene reg en kyk op.
- Julle gaan nou weer gevra word om in verskillende rigtings te draai, maar teen ‘n vinniger spoed.
- Reageer vining en konsentreer. Let op die spasies tussen die groeplede en van die ring.
- As die beoordelaar vra om die bokke se bekke oop te maak, gebruik jou linkerhand se duim en wysvinger, draai bokke se koppe gelyk na die beoordelaar toe en gebruik dan die vingers om die bokke se bo- en onderlip van mekaar te druk. Die beweging of aksie moet ook gelyk gedoen word.

**EEN GOUE REËL: Jeugskou is nie soos ‘n ander sport nie, jou houding en jou passie tel baie en daarom moet jy elke oomblik geniet en net jou beste doen!!**